

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Setsokotsane Busdiens (Edms) Bpk v Voorsitter van die Nasionale Vervoerkommissie en 'n Ander

(61/84) [1985] ZASCA 121 (21 November 1985)

[1985] ZASCA 121

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Rabie, Miller, Hefer, Grosskopf, Boshoff

CASE / FILE NUMBER

61/84

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

61/84

/mb

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen

SETSOKOTSANE BUSDIENS (EDMS) BPK APPELLANT

en

DIE VOORSITTER VAN DIE NASIONALEVERVOERKOMMISSIE 1STE RESPONDENT

TEBOHO KENNETH LEBAKA h/a TEBOHO

TOURING BUS SERVICE 2DE RESPONDENT

CORAM : RABIE, HR, MILLER, HEFER, GROSSKOPF,

BOSHOFF, ARR

VERHOORDATUM : 16 AUGUSTUS 1985LEWERINGSDATUM: 21 NOVEMBER 1985

UITSPRAAK

BOSHOFF, ARDie appellant-maatskappy, aplikant in diehof benede, kom in hoër beroep teen die uitspraak van

van Coller R,/

2.van Coller, R, (waarmee van der Merwe R saamgestemhet) in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling,ter afwysing met koste van "n aansoek vir die her-siening en tersydestelling van 'n beslissing van dieeerste respondent, die Nasionale Vervoerkommissie, ookdie eerste respondent in die hof benede, gemaak bp13 Julie 1981. Ingevolge hierdie beslissing het diegenoemde kommissie 'n aansoek van die tweede respondent,ook tweede respondent in die hof benede, kragtens dieWet op Padvervoer nr 74 van 1977, hierna genoem "die Wet",toegestaan vir 'n openbare padvervoerpermit ten opsigtevan 'n nege-en-sestig-persone passasiersbus, wat nogaangeskaf moes word. Die permit is vir die vervoer van"Black persons who have organised themselves into a party

and/

3.

and their personal baggage, from Qwaqwa to place situated within the Republic of South Africa and back to the place where the party was picked up in the first instance: Subject to the express condition that the conveyance of such a party may only be undertaken if the same party undertake the forward and return journey as a unit with the sole purpose of attending one or more of the following: (i) a wedding (ii) a funeral (iii) a religious gathering (iv) a sport meeting, whether as participants or as spectators; (v) a picnic or any similar kind of organised entertainment or recreation."

Die/

4.Die verdere voorwaardes van die permit is

op die oomblik nie van belang nie.

Die appellant bedryf die besigheid van

openbare padvervoerdiens en verskaf dienste in

die gebied van Qwaqwa, voorheen bekend as Witsies-hoek. Die appellant is die houer van 56 openbare padvervoerpermitte ten opsigte van 56 passasiers-busse. Een van die permitte is vir wat in die permissie roete 20 aangedui word, vir nie-blanke persone wat hulleself in 'n groep georganiseer het en hulle persoonlike bagasie, vanaf Witsieshoek en vanaf Domi-depotsop Harrismith en Bethlehem na punte geleë binne 'n radius van 480 kilometers vanaf die Hoofposkantoor op Witsieshoek en terug, onderhewig aan die uitdruklike

voorwaarde/

5.voorwaarde dat:

(i) die vervoer van so 'n groep persone slegs

ondernem mag word indien dieselfde groep as 'n

eenheid die heen- en terugreis onderneem met

die uitsluitlike gemeenskaplike doel om 'n troue,

begrafnis, godsdienstige byeenkoms, 'n sportbyeen-koms (hetsy as deelnemers of as toeskouers), 'n piekniek of enige ander soortgelyke vorm van ge-organiseerde vermaak of ontspanning by te woon;

(ii) die terugreis binne 24 uur na voltooiing van die heenreis onderneem moet word.

Die appellant het in die hof benede aansoek gedoen vir die hersiening en tersyde-stelling van die kommissie se beslissing op die grond dat die kommissie, volgens die bewerings

van die/

6. van die appellant, nie die voorgeskrewe wetsvoor-

skrifte behoorlik nagekom het nie en die beslissing

dus ongeldig en nietig is.

Die kommissie en die tweede respondent

het hierdie aansoek bestry o.a. op die grond dat daar 'n onredelike vertraging was voordat die appellant die aansoek gebring het. Die hof benede het bevind dat, alhoewel daar nie 'n buitensporige lang vertraging was nie en alhoewel daar nie benadeling vir enigeen van die respondente skyn te wees nie, die vertraging onredelik lank was en nie oor die hoof gesien behoort te word nie. Die hof benede het gevolglik, sonderom die meriete van die aansoek te oorweeg, die aansoek van die hand gewys met koste.

7. Die appellant voer nou aan dat die hof be-

nede gefouteer het deur te bevind dat daar met die

bring van die hersieningsverrigtinge 'n onredelike

vertraging was en verder dat die hof benede sekere

mistastings begaan het toe die hof in die uit-

oefening van sy regterlike diskresie beslis het

dat die vertraging nie oor die hoof gesien behoort

te word nie en die aansoek van die hand gewys moet word. Beide die kommissie en die tweede respondent steun die beslissing van die hof benede. Vir 'n behoorlike begrip van die saak en die geskilspunte wat ter sprake kom is dit nodig om eersna die volgende te verwys.

8-9. Die kommissie word deur art 3(1) (c) van die

Wet gemagtig om ooreenkomstig die bepalings van die

Wet oorweging te skenk aan en 'n beslissing te gee of

andersins te handel met 'n aansoek wat kragtens dieWet by hom gedoen word om die toestaan van 'n permit.

Die Minister van Vervoerwese word deur art

30(1) (a)

- (i) en (ii) van die Wet gemagtig om regula-sies uit te vaardig met betrekking tot die inligtingwat met 'n aansoek by die kommissie om die toestaanvan 'n permit ingedien moet word en die prosedure watdeur die kommissie by die behandeling van so 'n aansoekgevolg moet word.

Ingevolge art 13(1) moet die kommissie 'naansoek om die toestaan van 'n openbare padvervoer-permit/

10.

permit, wat by hom gedoen word, ontvang en oorweegen kan dan daarna, na goeddunke, die aansoek insy geheel of gedeeltelik toestaan of dit in sygeheel of gedeeltelik onderworpe aan die voorwaar-des of vereistes wat hy nodig ag, toestaan, of dieaansoek weier. Voordat die kommissie 'n aansoekoorweeg, moet hy luidens art 14(1)(a) die byregulasie voorgeskrewe besonderhede van die aan-soek in die Staatskoerant publiseer. Enige belang-hebbende wat vertoë ter bestryding of ondersteuningvan so 'n gepubliseerde aansoek tot die kommissiewil rig, moet sodanige vertoë op die wyse ehbinne die tydperk by regulasie voorgeskryf tot die

kommissie/

11.

kommissie rig. Die kommissie moet dan so iemandtoelaat om die voltooide aansoekvorm van dieaansoeker, tesame met enige ander stuk wat die aan-soeker saam met sy aansoekvorm ingedien het,kosteloos in te sien en om afskrifte daarvan temaa by die kantoor van die kommissie waar daardieaansoekvorm of so 'n ander stuk gehou word, en diekommissie kan, op versoek van so iemand wat sodanigevertoe aldus rig, afskrifte van voornoemde stukke aanhom teen betaling van voorgeskrewe gelde voorsien.

Art 15(1) bepaal watter aangeleenthede diekommissie by die afhandeling van 'n aansoek in aan-merking/

12.merking moet neem. Dit sluit in onder andere, die

mate waarin die vervoer wat verskaf staan te word

in die openbare belang nodig of wenslik is, die

vervoerbehoefte van die publiek in die gebied of

langs die roete of tussen die punte waarin of waarop of waartussen die aansoeker voornemens is om vervoerte onderneem en die bestaande vervoergeriewe wat in daardie gebied of op daardie roete of tussen daardie punte vir die publiek beskikbaar is.

Wanneer 'n aansoeker aansoek doen om 'n openbare permit binne 'n gebied of op 'n roete oftussen twee of meer punte wat reeds deur bestaande vervoergeriewe bedien word, rus daar in terme van subartikel (2) op die aansoeker die las om te bewys

onder/

13. onder andere dat sodanige bestaande vervoergeriewe

nie bevredigend en voldoende is om in die vervoer-

behoefte van die publiek in daardie gebied of

langs daardie roete of tussen daardie punte te

voorsien nie en dit met inagneming van die omstandighede in die openbare belang dienstig is om die permit aan hom toe te staan.

Die Wet of die regulasies bepaal nie wies 'n belanghebbende by so 'n aansoek ingevolge die Wet gereken word nie. Dit is ook nie nodig vir doeleindes van hierdie saak om 'n belanghebbende te probeer omskryf nie. Op die oog af sluit dit in enige persoon wat vertoë kan rig tot die kommissieter bestryding of ondersteuning van 'n aansoek op gronde wat luidens die bepalinge van die Wet tersake

kan/

14. kan wees by die oorweging of 'n aansoek toegestaan

of geweier moet word in terme van die bepalinge

van die Wet.

Om belanghebbendes die geleentheid te gee om vertoë tot die kommissie te rig, verg art 14(1) van die Wet dat die kommissie die by regulasie voorgeskrewe besonderhede van die aansoek in die Staatskoerant publiseer, voordat hy 'n aansoek oorweeg. Die Minister het regulasies uitgevaardig kragtens die bevoegdheid aan hom verleen by art 30(1) wat in die Staatskoerant nr 5843 van 30 Desember 1977, gepubliseer is en deur hom daarna gewysig is. Interne van regulasie 3(1) daarvan moet 'n aansoek op die toepaslike aansoekvorm wat deur die kommissie

voorgeskryf/.....

15. voorgeskryf word by die kommissie ingedien word en

'n duidelike antwoord op elke vraag wat op die aansoek

betrekking het moet verskaf word. Ingevolge onder-

regulasie (1A) moet die kommissie, alvorens 'n aansoek

oorweeg word, die volgende besonderhede van die aan-

soek in die Staatskoerant publiseer, (i) die naam van die aansoeker; (ii) die plek waar die aansoeker

sy besigheid wil dryf; (iii) die aard van die aansoek;

(iv) die aantal en tipe voertuie wat by die aansoekbetrokke is, en (v) die aard van die voorgenome pad-vervoer.

Soos blyk uit die voorrede van die Wet is dit die bedoeling van die wetgewer om met die bepalings van die Wet padvervoer te beheer. Die

toestaan/

16. toestaan van 'n openbare permit word aan die kommissie

toevertrou en 'n aansoek om so 'n permit mag oorweeg

word slegs nadat alle belanghebbendes 'n geleentheid

gegee is om verhoër te bestryding of ter onder-

steuning van so 'n aansoek tot die kommissie te rig. Om te verseker dat belanghebbendes so 'n geleentheid kry moet die kommissie voorskryf watter inligting

in 'n aansoek verstrekt moet word en die kommissie moet toesien dat die besonderhede van die aansoek wat in die regulasies voorgeskryf is gepubliseer word

in die Staatskoerant. Die oogmerk van die wetgewer kan bereik word alleen as die besonderhede volledig genoeg is om enige persoon wat dit in die Staatskoerant

sien, in die posisie te plaas om te kan oordeel

of hy/

17. of hy vanweë die bepalings van art 15 van die Wet,

'n belang by die aansoek het om dit te bestry of te

ondersteun. Die besonderhede wat in die aansoek-

vorm verstrekt word of in die stukke wat saam met

die aansoek ingedien word, verskyn, is vir hom van

geen hulp op daardie stadium nie want hy mag insa daartoe hê slegs nadat hy sy verhoër te bestryding of ter ondersteuning van die aansoek tot die kommissie gerig het.

Indien die kommissie hierdie wetsvoorskrifte nie behoorlik nakom nie word die oogmerke van die Wetgewer verfyndel en is sy beslissing onderhewig aan hersiening onder die tweede soort gevalle waarna

Innes HR verwys in Johannesburg Consolidated Investment Co Ltd v Johannesburg Town Council 1903 TS 111

op/

18. op Bl 115 en 121.

Op 23 September 1980 het die tweede respondent op die voorgeskrewe aansoekvorm aansoekgedoen vir 'n openbare permit vir 'n nege-en-sestig-persone-passasiersbus om swart persone in georganiseerde groepe of as toeriste te vervoer. In die aansoekvorm word o a die volgende besonderhede verlang en verskaf:

"1. (d) Full business address (not postal address) .. Matsieng Village, P 0 Mokodumela 9868.

(e) Full postal address .. P 0 Box 24, Witsieshoek 9870.

4. State in detail between which points and within which area you wish to undertake conveyance...

I promise to abide with the Transport Board's Regulations with all information needed of my forward and return journeys

as/

19.

as well as the route map; happen my application succeed for places such as Bloemfontein, Kimberley, Welkom, Bethlehem, Secunda, Sasolburg, Ver-eeniging, Kroonstad, Pretoria, Pietersburg, Transkei, Durban, Sun City, Manzini.

6. State reason why existing transport

facilities cannot be used. Letters and documents in support of the application

may be submitted The existing

transport facilities, namely Setsokotsane Bus Service which is the only existing transport and few taxis within the homeland can really not cope (sic) with the heavy population demand on organised parties, church services and tourism etc."

Ter ondersteuning van sy aansoek het die tweede respondent briewe van 7 organisasies in die Qwaqwa gebied, wat melding maak van 'n behoefte aan vervoer geriewe in die gebied, saam met sy aansoek ingedien.

Op/

20. Op 7 Januarie 1981 het die Voorsitter

van die kommissie, met verwysing na die tweede

respondent se aansoek, in 'n brief aan die tweede

respondent verklaar dat dit nie duidelik is inwatter gebied hy die vervoerdienste wil onderneem nie en gevra dat hy meer spesifiek moet wees,soosbyvoorbeeld"binne die Republiek van Suid-Afrika."Op 19 Januarie 1981 het die tweede respondent toe in 'n brief geantwoord dat hy graag die vervoer-dienste binne die Republiek van Suid Afrika sou wou onderneem.Die kommissie het besonderhede van die aansoek, tesame met besonderhede van ander aansoeke,in die Staatskoerant nr 7441 van 27 Februarie 1981

gepubliseer/ 21.gepubliseer onder die opskrif "Aansoek om openbare padvervoerpermitte." In die eerste paragraaf verskyn

die volgende verduideliking en voorskrif:

"Die onderstaande aansoeke om openbare pad- vervoerpermitte, met aanduiding van (1) verwysingsnommer en plek waar die aansoeker sy besigheid wil bedryf, (2) naam van aansoeker en die aard van die aansoek,

- (3) die aantal en tipe voertuie, (4) die aard van die voorgename padvervoer, en (5) plekke waartussen en roetes waaroor of gebied waarin die voorgestelde vervoer sal plaasvind, word kragtens die bepalinge van artikel 14(1) van die Wet op Pad- vervoer, 1977 (Wet 74 van 1977) gepubliseer. Ingevolge regulasie 4 van die Padvervoer- regulasies, 1977, moet skriftelike verstoë ter ondersteuning of bestyding van hierdie aansoeke in viervoud binne 21 dae vanaf die datum van hierdie publikasie aan die aangeduide adres gerig word."

In die geval van tweede respondent se

aansoek/

22.

aansoek moes die verstoë gerig word aan Die

Direkteur-generaal, Vervoer, Afdeling Padvervoer,

Privaatsak X193, Pretoria, 0001. Die besonderhede

van die aansoek word as volg uiteengesit:

"DI8/6/1637(A8/4) -BL0EMF0NTEIN.(2) Teboho Kenneth Lebaka, trading as Teboho Touring Bus service, Mokodumela; application for public carrier permit.

- (3) One 69-passenger- bus to be acquired. (4) Black tourists and their personal effects and Black organised parties and personal effects. (5) Within the Republic of South Africa."

Dit dien hier gemeld te word dat Mokodumeladie amptelike naam van die poskantoor in die woon-gebied Manguang in die gebied van Qwaqwa is envolgens die tweede respondent gebruik hy Mokodumelaas sy besigheidsadres omdat dit die plek is waar hy

sy/

23. sy pos en telefoonoproep ontvang.

Eddie Molingoane, die assistentbestuurder

van die appellant, wat die hersieningsverrigtinge

namens die appellant ingestel het, is die persoon wat vir die appellant die kennisgewings in die

Staatskoerant weekliks nagaan om vas te stel of daar aansoeke is wat, indien hulle toegestaan word, die appellant se openbare permit nadelig mag affekteer. Hy het van die besonderhede van die betrokke aansoek van die tweede respondent, soos dit gepubliseer was in die Staatskoerant, verstaan dat die tweede respondent sy besigheid ten opsigte van die aangevraagde permit vanuit Bloemfontein wou bedryf en dat die padvervoer wat hy wou onderneem binne

die/

24. die gebied van die Republiek van Suid-Afrika sou

plaasvind. Hy het geen nadeel vir die appellant,

wat sy besigheid in Qwaqwa bedryf en sy padvervoer

vanaf Qwaqwa laat plaasvind, in die toekenning van

die aansoek gesien nie. Appellant het gevolglik geen stappe gedoen om verhoë teen die toestaan van die aansoek te rig nie.

Omdat die gepubliseerde besonderhede aangedui het dat die vervoer binne so 'n uitgebreide gebied soos binne die Republiek van Suid-Afrika sou plaasvind, het twaalf instansies van oor die hele land skriftelike verhoë gerig teen die toestaan van die aansoek aangesien elkeen van hulle bekommerd was dat die toestaan van so 'n openbare permit op hulle

passasiersbusdienste/....

25. passasiersbusdienste inbreuk sou doen. Toe die

kommissie die aansoek op 13 Julie 1981 moes aanhoor,

het tien van hierdie beswaarmakers opgedaag om hulle

besware voor die kommissie te lê. Met die aanhoor

van die aansoek het die tweede respondent aan die kommissie gesê dat hy graag toeriste wou vervoer vanaf Qwaqwa na punte binne die Republiek van Suid-Afrika en terug aangesien daar 'n groot behoefte vir sodanige soort padvervoer is. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die voorsitter van die kommissie die volgende opmerking teenoor die tweede respondent gemaak het: "Jy wil net vanaf die Qwaqwa af vervoer. Hoekom het jy nie aansoek gedoen nie, want al die beswaarmakers het van ver af gekom." Die voorsitter

het/

26.het hom toegelaat om sy aansoek te wysig. Nege van die tien beswaarmakers het toe hulle besware teruggetrek. Die kommissie het bygevolg die aansoek in die gewysigde vorm toegestaan en 'n openbare permit uitgereik in die voeë wat reeds genoem is.

Die kommissie was in 'n groot mate te blameervir die onbevredigende posisie waarin die beswaarmakers hulle bevind het. Die besonderhede wat indie aansoekvorm verstrek is en wat ook gepubliseer is, maak dit onmoontlik vir enigeen om enige ideete vorm van wat die aansoek in werklikheid behels of hy daardeur geraak gaan word. Dit is ook moeilik om te begryp hoe die kommissie ooit instaat kon wees om die bepalings van art 15 met die

aanhoor/ 27.aanhoor van so 'n vae aansoek behoorlik te kon toepas. Indien die kommissie vooraf behoorlike aandag aandie besonderhede van die aansoek en die stukke wat .daarmee saam ingedien is, gegee het, sou die kommissie opgemerk het dat die tweede respondent'n vervoerdiens wou verskaf waar die vervoerdienstevan die appellant tesame met 'n paar taxis in dietuisland, vermoedelik Qwaqwa , die bestaande ver-voergeriewe is. Die stukke wat ingedien is handel ook uitsluitlik met die behoefte aan die besondere soort vervoergeriewe wat die appellant in die Qwaqwa gebied verskaf. Die aansoekvorm toon ook nie'n plek aan waar die tweede respondent sy besigheid wil bedryf nie. Indien enige, toon dit net 'n

posadres/

28.posadres aan. Met 'n bietjie navraag kon die kommissie presies vasgestel het by watter plek hy sy padvervoerdiens wou bedryf.

In die gepubliseerde besonderhede was

daar gevolglik niks wat enige aanduiding kon gegee

het dat die tweede respondent 'n openbare permitwou gehad het om binne en vanuit die Qwaqwa gebied

'n padvervoerdiens te bedryf nie. Daar was ook niks

waarvan afgelei kon word dat 'n openbare permit vir

daardie gebied moontlik, in die voeë waarin ditwel toegestaan is, toegestaan kon word nie.

Diegebeure met die aanhoor van die aansoek het getoonhoe belangrik dit is dat die aansoek self en ook diebesonderhede daarvan wat gepubliseer word, 'n taamlike

getroue/

29.

getroue idee gee van die plek waar en vanwaar

die padvervoerdiens gaan bedryf word. Mologane beweer dat die gepubliseerde besonderhede hom mislei het en laat verstaan het dat die tweede respondent sy besigheid by Bloemfontein wou bedryf. Volgens hom is die plek van waar die permitthouer van 'n permit vir vervoerdienste vandie betrokke aard sy besigheid bedryf van deurslag-gewende belang wat kompetisie met ander permit-houers betref. Dit is die plek waar hy aan 'n behoefte aan vervoergeriewe voorsien en hoofsaaklik sy klandisie werf. Ondanks die betoë tot die teendeel van Adv Visser namens die kommissie en Adv Geldenhuys

namens/

30. namens die tweede respondent, is dit

waarskynlik dat Mologane inderdaad deur die besonderhede mislei was. Die genoemde besonderhede is eintlik onduidelik soos dit verskyn tensy

daar verwys word na die verduideliking in die eerste paragraaf van die Staatskoerant. Daarvolgens dui

(1) op die verwysingsnommer en die plek waar die aansoeker sy besigheid wil bedryf en (2) op die naam van die aansoeker en die aard van die aansoek. Aan die hand hiervan is dit redelik om te aanvaar dat wat in die Staatskoerant gepubliseer was as:

"D18/6/1637 (A8/4) - BLOEMFONTEIN (2) Teboho Kenneth

Lebaka, trading as Teboho Touring Bus Service,

Mokodumela; application for public carrier permit."

dui/

31. dui op (1) die verwysingsnommer en plek waar die aan-soeker sy besigheid wil bedryf en (2) op die naam van die aansoeker en die aard van die aansoek. Namens die respondente is aangevoer dat Bloemfontein deel van die verwysingsnommer is. Dit is egter eerder 'n plek as 'n nommer en Mologane kan nie verkwalik word as hy verstaan het dat Bloemfontein die plek is waar die tweede respondent sy besigheid wou bedryf nie.

Inderdaad was die Tweede respondent nooit van

plan om sy besigheid in Bloemfontein te bedryf nie. Trouensdaar was ook niks in die gepubliseerde besonderhede niwat enigsins 'n aanduiding aan Molingoane gegee het datdie aansoek vir die soort van padvervoer was waarvooruiteindelik aansoek gedoen was en wat toegestaan is.

Appellant/ 32.Appellant, as die permithouer van 'n be-staande vervoerdiens wat onder die bepalings vanart 15(1) beskerm word, het as gevolg van diepublikasie van die misleidende en gebrekkige beson-derhede nie vertoë tot die kommissie gerig nie endie kommissie het dus sonder dat die appellant 'ngeleentheid gehad het om vertoë te rig, die aansoekvan die tweede respondent aangehoor, die wysigingtot die aansoek toegestaan en aan tweede respondent'n openbare permit toegestaan om 'n vervoerdiens telewer, moontlik in kompetisie met die appellant.

Dit volg hieruit dat die kommissie nie die

voorskrifte van die Wet behoorlik nagekom het nie endat adv van der Walt namens die appellant gelyk gegee

moet/

33.moet word dat die beslissing van die kommissie

ongeldig is en onderhewig is aan hersiening.Die vraag wat nou beantwoord moet wordis of die hof benede geregverdig was om te bevinddat daar so 'n onredelike vertraging was met die bringvan die aansoek om hersiening van die beslissing vandie kommissie dat dit nie aangehoor behoort te wordnie en afgewys moet word.Voordat daar verwys word na die verloopvan gebeure nadat die kommissie sy beslissing gemaakhet op 13 Julie 1981, is dit nodig om aan te merkdatt, omdat die appellant geen vertoë ter bestrydingvan die aansoek tot die kommissie gerig het nie,die appellant se verteenwoordigers nie insae tot die

34.aansoek en die meegaande stukke gehad het nieen ook nie by die aanhoor van die aansoek teen-woordig was nie. Die appellant se verteenwoordigershet gevolglik nie eerstehandse kennis gehad van diepresiese aard van die vervoerdienste waarop dietoegestane permit betrekking gehad het nie.Op 16 Julie 1981 het Molingoane vir enede Klerk, 'n prokureur op Pretoria,gevra om by diekommissie 'n afskrif te kry van die kommissie sebeslissing in die tweede respondent se aansoek.De Klerk het op 22 Julie 1981 'n brief aan die kommissiegerig en vir so 'n afskrif gevra en terselfdertyd ver-duidelik dat die appellant nie teen die aansoek beswaargemaak het nie en dat dit nou blyk dat die toestaan

35.van die aansoek die appellant ernstig kan benadeel.

Die kommissie het nie op hierdie brief geantwoord

nie en op 11 Augustus 1981 het de Klerk weer 'n brief

geskryf om die kommissie te herinner aan die versoek

in die vorige brief. Die kommissie het toe op

13 Augustus 1981 'n afskrif van die beslissing aande Klerk gestuur. Omdat die permit wat toegestaan

is heeltemal afgewyk het van die besonderhede vandie aansoek wat in die Staatskoerant gepubliseer is, het de Klerk op 20 Augustus 1981 'n afskrif van die beslissing aan Molingoane gestuur en voorgestel dat 'n advokaatsopinie verkry word oor die moontlikheid om die beslissing in die Hooggeregshof op hersiening te neem. Op 21 Augustus 1981 het Molingoane vir de Klerk/

36. de Klerk telefonies versoek om die voorgestelde

opinie te verkry. Voordat de Klerk vir die advo-

kaat die nodige opdrag kon gee moes hy eers sekere

stukke in die hande kry, insluitend 'n afskrif van

die appellant se permitte. Op 5 Oktober 1981 het hy toe die opdrag aan 'n plaaslike advokaat gegee. Op 27 Oktober 1981 het die advokaat telefonies vir de Klerk vir 'n afskrif van die tweede respondent se oorspronklike aansoek om die openbare vervoerpermit gevra. Op 30 Oktober 1981 het de Klerk vir die kommissie skriftelik gevra vir so 'n afskrif. Op 10 November 1981 het de Klerk mnr Geringer by die kantoor van die kommissie geskakel en hom verwys nasy brief van 30 Augustus en gevra of hy die gevraagde

afskrif/

37. afskrif by sy kantoor kon laat afhaal. Geringer

het geantwoord dat die kommissie nog nie besluit

het of de Klerk 'n afskrif kan kry nie. Dit het

daartoe aanleiding gegee dat de Klerk dit gerade

geag het om op 17 November 'n brief aan die tweede

respondent te rig en hom in kennis te stel van die appellant se voorneme om die toekenning van die openbare padvervoerpermit deur die kommissie aan hom deur die Hooggeregshof te laat hersien vanweë die gebrekkige kennisgewing van sy aansoek in die Staatskoerant.

Aan die einde van November 1981 was

de Klerk weer telefonies in verbinding met Geringer en is toe meegedeel dat hy of die appellant nie

geregtig/

38. geregtig is op 'n afskrif van die tweede respondent

se oorspronklike aansoek nie omdat die appellant nie ingevolge art 14(2) van die Wet teen die aansoek beswaar gemaak het nie. De Klerk het die advokaat hiervan gesê en hom gevra vir sy opinie so gou as doenlik.

De Klerk het die skriftelike opinie op 8 Desember 1981 ontvang en dit op 10 Desember 1981 aan Mologwane gestuur en gevra of met die aansoek

in die Hooggeregshof, soos aanbeveel in die opinie, voortgegaan moet word. Hy is ook ingelig dat beëdigde verklarings opgestel sal moet word vir sulke verrigtinge en dat hy vir die doel na Pretoria sal moet kom. Op 30 Desember 1981 het die kommissie

vir/

39. vir de Klerk skriftelik in kennis gestel dat hy nie insae tot die aansoek van tweede respondent mag hê nie aangesien appellant nie beswaar teen

die aansoek gemaak het nie. Op 7 Januarie 1982 het Mologwane vir de Klerk op sy kantoor in Pretoria gespreek en opdrag gegee om met die aansoek vir hersiening in die Hooggeregshof voort te gaan. De Klerk het 'n konsep kennisgewing van mosie en stawende eedsverklarings voorberei en dit op 5 Maart 1982 aan die advokaat besorg om nagesien te word. De Klerk het die nagesiene stukke teendeel van Maart 1982 ontvang en onmiddellik vir Mologwane laat weet om dit te kom teken, wat hy toe

gedoen/

40. gedoen het op 26 Maart 1982.

In die tussentyd het de Klerk reeds op

24 Maart 1982 'n brief aan sy korrespondent in

Bloemfontein gerig gehad om 'n saaknommer en ver-

hoordatum vir die aangeleentheid gereël te kry en te vra dat hy reël vir die betekening van 'n afskrif van die kennisgewing van mosie aan die tweede respondent. Die korrespondent is verder meegedeel dat die aangeleentheid dringend is en dat de Klerk sospoedig doenlik van hom sal wil hoor. Op 14 April 1982 het de Klerk geskakel om te verneem of 'n afskrif van die kennisgewing van mosie aan tweede respondent beteken is. De Klerk is meegedeel dat dit in die proses van betekening was. Dit is toe inderdaad op 26 April 1982

deur die/

41.deur die Adjunk-Balju van Harrismith op Harrismith

aan tweede respondent beteken.Dit dien daarop gelet te word dat dieappellant en die tweede respondent in die Qwaqwa-gebied woon en ook daar hulle vervoerbesighede bedryf.Die appellant se prokureur en advokaat was in Pretoriagevestig en die hersieningsaansoek moes voor die hofin Bloemfontein gebring word.Die openbare permit van die tweederespondent is ingevolge art 16 van die Wet vir 'nonbepaalde tydperk en, ondanks die feit dat ditkragtens 'n ongeldige beslissing van die kommissieaan hom uitgereik is, is daar niks om hom te ver-hinder sou hy waarskynlik voortgegaan het om sypadvervoerdiens voort te sit totdat die beslissing deur

'n hof fersyde gestel word. Soos hierbo aangetoon is het

die/...

42.die appellant en enige ander lid van die publiek

as belanghebbendes wat deur die beslissing geraak

word die reg om die beslissing op hersiening te

laat neem en te vra vir die tersydestelling daarvan.

Omdat daar geen wetsvoorskrifte in hierdie verband

bestaan nie bepaal reel 53 van die eenvormigehofreëls van die hooggeregshof watter proseduregevolg moet word om sulke hersieningsverrigtingevoor die hof te bring. Daar word geen tydsbeperkinggestel waarin sulke verrigtinge voor die hof gebringmoet word nie. Aangesien so iets by die prosesregtuishoort en elke hof geregtig is om sy eieprosedures te bepaal,is dit 'n aangeleentheid tenopsigte waarvan die hof 'n diskresie het; kyk,

West Rand/ 43.West Rand Estates Ltd v New Zealand Insurance CoLtd 1926 AD 173 op bl 185 en 193. So 'ndiskresie is nie 'n absolute diskresie wat op enigegronde wat as geskik gereken mag word, uitgeoefenword nie maar 'n regterlike diskresie. Die woord"diskresie" dui op die afwesigheid van enige vastereël. Indien daar 'n vaste reël sou bestaan soudaar geen sprake van 'n diskresie kan wees nie. 'nRegterlike diskresie is 'n diskresie wat volgens er-kende regsreëls en praktykreëls en op geregtelikegronde, nie om wispelturige nie maar gegronde redes,uitgeoefen word om reg te laat geskied; kykBritten and Others v Pope 1916 AD 150 op bladsye

157/ 44.157 en 173, Johannesburg Town Council v NormanAnstey and Co 1928 AD 335 op bl 341, Penny v Walker 1936 AD 241 op bl 260, R v Zackey 1945 AD 505 op bl513, Kathrada v Arbitration Tribunal and Another 1975(2) SA 673 (A) op bl

678. In hierdie sin het die hof 'n onbelemmerde diskresie wat buigsaam na gelang van al die feite van 'n besondere geval uitgeoefen word. Waar 'n hof dus moet beslis of hersieningsverrigtinge binne 'n redelike tyd gebring word, sal ditgedoen moet word aan die hand van al die tersaaklike feite. Die tersaaklike feite van 'n besondere saak kan nooit presies dieselfde wees as dié van ander sake waarvoor daar reeds beslissings gegee is nie en gevolglik

45. kan daar nie met veel vrag na sulke ander sake

verwys word om vas te stel wat daar as redelike (of

onredelike) tydperke geag was nie. Daar kan miskien wel na beslissings in ander sake gekyk word om te sien watter soort feite in aanmerking geneem word en watter gewig daaraan geheg word.

Voordat daar gekyk word na die soort

oorwegings wat in ander sake gegeld het is dit miskien gerade om eers kortliks te verwys na die wyse waarop die hof sy diskresie uitoefen waar 'n tydsbeperking in 'n proses reël oorskry word. In so 'n geval het die skuldige litigant nie die reg om met die besondere proses voort te gaan voordat hy nie eers 'n vergunning verkry het nie van of sy teenparty of die hof, wat ook al die geval mag wees. Waar 'n litigant die hof nader om

vergunning/

46. vergunning moet hy die hof tevrede stel dat daar genoeg-

same redes bestaan vir die verskoning van sy nie-

nakoming van die proses reël. Die uitgangspunt van die

hof in so 'n geval is dat die hof reëls termyns stel om

nagekom te word, nie slegs vir die gerief van die hof

en om in belang van die regsadministrasie onnodige vertraging by gedinge uit te skakel nie, maar ook omdat die partye, met inbegrip van die teenparty, daar belang by het. Waar 'n litigant dus vind dat hy in versuim geraak het, is dit sy plig om sonder verdere uitstel aansoek om kondonاسie te doen; kyk Commissioner for

Inland Revenue v Burger 1956(4) SA 446 (A) op bl 449, Meintjies v H D Combrinck (Edms) Bpk 1961(1) SA 262(A) op bl 264. Dit volg hieruit dat wanneer daar aansoek om kondonاسie gedoen word die duur van die versuim en

47. die omstandighede wat die versuim veroorsaak het d w s

die verduideliking vir die versuim belangrike oorwegings by die hof sal wees. In die saak van United

Plant Hire (Pty) Ltd v Hills and others 1976(1) 717(A) op bladsy 720 vat Holmes AR die posisie in hierdie

verband as volg saam:

"It is well settled that, in considering applications for condonation, the court has a discretion, to be exercised judicially upon a consideration of all the facts; and that in essence it is a question of fairness to both sides. In this enquiry, relevant considerations may include the degree of non-compliance with the rules, the explanation therefore, the prospects of success on appeal, the importance of the case, the respondent's interest in finality of his judgment, the convenience of the Court, and the avoidance of unnecessary delay in the administration of justice. The list is not exhaustive. These factors are not individually decisive

but/

48.

but are interrelated and must be weighed one

against the other; thus a slight delay and

a good explanation may help to compensate

for prospects of success which are not strong;

See Liquidators , Myburgh, Krone and Co Ltd

v Standard Bank of SA Lbd and Another 1924 AD

226, Melane v Santam Insurance Co Ltd 1962(4)

SA 531(AD) at p 532; Federated Employers Fire

and General Insurance Co Ltd and Another v McKenzie

1969 (3) SA 360 (AD); Glazer v Glazer N O 1963(4)

SA 694 (AD)."

In die geval waar 'n gegriefde persoon na die hof kom om verrigtinge op hersiening te laat neem, oefenhy 'n reg uit en is hy in 'n heel ander posisie as die persoon wat 'n prosesreël nie nagekom het nie en daar-deur 'n reg verloor het en die hof om 'n vergunning moethoër vir die reg om weer met sy proses voort te gaan. In die laasgenoemde geval is die duur van die versuim en die verduideliking daarvoor 'n belangrike deel van sy aansoek om vergunning. In die eersgenoemde

geval/

49. geval daarenteen, moet die hof slegs 'n diskresie

uitoefen of die gegriefde weens verloop van tyd ver-

bied behoort te word om die hersieningsverrigtinge

te bring. Dit sien ons dan ook uit die soort van

oorwegings wat in die meeste van die vorige beslissingsgegeld het waar daar geen tydsbeperkings was nie.

Die vroegste saak in hierdie verband is

Immelman v Keller and the Resident Magistrate of Fraser-burg 20 S C 63. Uitspraak was gegee teen 'n verweerderin sy afwesigheid sonder dat die dagvaarding aan hombeteken was. Die bedrag waarvoor vonnis gegee was hetook die regsbevoegdheid van die magistraatshof oorskry. Daar was ook 'n uitwinningslasbrief uitgereik. Toe dieverweerder van die vonnis teen hom verneem, het hy diehof gevra om die verrigtinge voor die magistraat in

hersiening te neem en tersyde te stel. Die hof het

hom/

50.hom tot hulp gekom en verklaar: "If there had been any evidence that the applicant had notice of the proceedings, and had allowed some time to elapse, and had lain by and had allowed these proceedings to continue, then the Court would not have assisted him; but there is no evidence to that effect."

By die hersiening van kosterekenings kan daar met voordeel na die volgende paar sake verwys word.

In die saak van Policansky Bros v Hermann & Canard

1911 T P D 319 blyk dit op bladsy 321 dat daar in diehof benede beswaar gemaak was teen die hersiening vanh kosterekening omdat die hersieningsverrigtinge niebinne 14 dae na afhandeling van die taksasie daarvaningestel was nie. Inderdaad was die statuut waaronder

die termynbeperking van 14 dae ingestel was herroep en

was/

51. was daar nie meer 'n termynbeperking wat gegeld het nie.

Wessels R het die houding ingeneem dat die hof sal moet bepaal of die versuim in daardie geval redelik was of nie. Die hof het toe in ag geneem dat die saak

kort voor die reses verhoor was en dat die taksasiegedurende die reses plaasgevind het. Die hof het

toe onder die omstandighede die vertraging van een maandnie as buitensporig beskou nie.

In die saak van Patel v Ismail Mia and Co

1912 TPD 650 was 'n kosterekening op 25 April getakseeren kennisgewing van hersiening daarvan op 21 Junie gegee. Bristowe R het verwys na die termynbeperking van 14 daewat voorheen gegeld het, die termynbeperking van eenmaand wat gegeld het vir die hersiening van kosterekenings in die magistraatshoue en die termynbeperking van/.....

52 .van ses weke waarin vanaf die magistraatshoue geappelleer mag word en die mening uitgespreek dat van hierdie termynbeperkings afgelei kan word wat die wetgewer in sulke gevalle as 'n redelike tyd gereken het. Die geleerde regter het toe as volg ver-

klaar: "But the delay here is wholly unexplained. The case is perfectly simple, substantially the only point being whether the cost of briefing counsel should be allowed when his services are dispensed with. I do not think that a man is entitled to remain inactive for a long time and then come to Court and say, 'now I wish to appeal.' He is bound to be vigilant and having regard to the time fixed by the Legislature in the cases to which I have referred

I think/

53. I think two months is too long in simple cases like the present."

In die saak van Francis v Dutch Reformed

Church George, and another 1913 CPD 179 was die kosterekening op 20 Desember 1912 getakseer en op 14 Maart 1913

op hersiening gebring. Die respondent het beswaar gemaak teen die aanhoor van die hersiening op grond van onredelike versuim aan die kant van die applikant. Die hersiening het gegaan oor die vertolking van 'n hofbevel en geen verduideliking was gegee vir die versuim nie. Die hof het die beswaar afgewys omdat die hof nie kon insien hoe die respondent deur die versuim kon benadeel geword het nie. Die hof het egter in die loop van die uitspraak gesê dat hierdie soort hersienings binne 'n redelike tyd gebring moet word omdat dit nie billik teenoor die takseermeester/

54 .takseermeester is om dit na 'n lang vertraging te doen nie. 'n Takseermeester is 'n besige beampte van die hof en waar hy die besonderhede van 'n saak ondersoek het,

soms ingewikkelde besonderhede, en daarna 'n beslissing

gegee het, is dit onbillik teenoor hom om sy beslissing

op hersiening te neem wanneer sy herinneringe en die van die partye nie meer so helder is as wat dit sougewees het as die hersieningsverrigtinge dadelik ingestel was nie.

In die saak van Maseto and others v Pleskus and

others 1917 TPD 366 was die versuim om 'n kosterekening op hersiening te bring een maand en twintig dae, wat Wessels R nie as onredelik lank beskou het nie omdat die hersiening bloot om 'n saak van beginsel gegaan het. Die geleerde regter het egter te kenne gegee dat dit

duidelik/

55. duidelik is dat daar een of ander beperking moet wees.

'n Kosterekening kan nie lank na dit getakseer is op

hersiening gebring word nie; wanneer persone hulle

posisie verander het en die takseermeester al mag ver-

geet het wat werklik voor hom plaasgevind het. Dit sou onredelik wees om van 'n takseermeester, wat gedurig besig is met kosterekenings, te verwag om vir 'n langtydperk te onthou wat by elke besondere geval gebeur het.

In die saak van Hepworths Ltd v Thornloe and Clarkson Ltd 1922 TPD 336 het 'n volle regbank 'n appèlaangehoor teen die uitspraak van de Waal R in die kamer-hof. 'n Plaaslike prokureur was van mening dat 'n koste-rekening op hersiening geneem moes word en het so aanbeveel aan sy korrespondent, 'n prokureursfirma in Kaapstad. Die prokureur wat met die aangeleentheid gehandel het

56. was uitstendig met vakansie en daar is toe vir hom

gewag om terug te keer. Dit het 'n vertraging van

8 Februarie tot 2 Maart veroorsaak met die gevolg

dat kennisgewing van die aansoek om hersiening eers

twee maande na taksasie van die kosterekening gegee was. Wessels RP het die standpunt ingeneem dat die plaaslike prokureur in 'n beter posisie was as die korrespondent om te oordeel of die kosterekening op hersiening geneem moet word en dat al wat in Kaapstad nodig was, was om van die kliënt te verneem of hy bereid was om die koste verbonde aan die hersiening aan te gaan. Die firma in Kaapstad het dus heeltemal onredelik opgetree deur te wag van 8 Februarie tot 2 Maart vir die terugkeer van die prokureur wat met

vakansie/

57. vakansie was. Wessels RP was bygevolg nie bereid om

te bevind nie dat de Waal R sy diskresie onbehoorlik
uitgeoefen het deur te beslis dat twee maande 'n te lang
versuim was om die hersieningsverrigtinge te bring.

Gregorowski R het in 'n afsonderlike uitspraak om

basies dieselfde redes tot dieselfde gevolgtrekkingekom. Hy het voortgegaan om te verklaar dat
die hersiening van 'n kosterekening gou behoort plaas te vind omdat dit onbillik teenoor die
teenparty is om

lank te wag na die taksasie en hom dan skielik inkennis te stel dat die kosterekening hersien gaan
word. Hy het die mening uitgespreek dat in die geval van 'n hersiening waar daar nie ingewikkelde
stukke is wat voorberei moet word nie of nuwe feite is wat ondersoek moet word nie, 'n maand
oorgenoeg tyd was om 'n hersiening

te/

58 .te bring. Stratford R het bloot gesê dat hy saamstem

dat die vertraging onredelik was. Dit mag hier gemeld word dat de Waal R insy uitspraak in die
hof benede onder andere gesê het dat dit noodwendig afhang van die omstandighede van elke
besondere saak wat as 'n redelike tydperk beskou word. Dit is in belang van alle litigante sowel
as hofbeamptes dat, waar uitspraak gegee word en 'n party daarvoor gegrief voel, hy onmiddellik en
gou aan die teenparty kennis gee daarvan en voort gaan met sy appèl of hersiening, wat ookal die
geval mag wees, sodat die teenparty kan weet waar hy staan en finaliteit bereik kan word.

By die ander soort sake waar verrigtinge voor

statutêre liggame op hersiening geneem word kry ons die

volgende/

59. volgende voorbeelde.

In die saak van Hassan and Co v Potchefstroom Municipality 1928 TPD 827 het dit gegaan oor die
hersiening van verrigtinge voor 'n munisipale raad wat 'n aansoek om 'n sertifikaat vir 'n
handelslisensie oorweeghet.

'n Preliminêre punt is voor 'n volle regbank geneem dat daar 'n onredelike vertraging was met
die bring van die hersieningsverrigtinge. Stratford R het daarna verwys dat daar alreeds voorheen
beslis was dat 'n hof sal weier om sulke verrigtinge aan te hoor waar (1) daar onredelike versuim
was en (2) dit weens die aard en omstandighede van die saak die teenparty waarskynlik sal
benadeel. Op bladsy 828 verklaar die geleerde regter as volg:

"Therefore/

60.

"Therefore the proper time within which review proceedings should be brought is a matter which in each case must be considered on its merits. I have read the papers in this case, and there is no circumstance, so far as I can judge, in which the issue for determination is at all obscured or prejudiced by the delay of three and a half months, and no argument has been addressed to us on the score of prejudice. And prejudice, in my view, is the all important consideration. If the delay is of such a character as will seriously embarrass the respondent the Court should exercise its discretion to refuse to hear the proceedings. But this is not the case here, and it is not contended that it is. Mere lapse of time is relied upon."

Dit blyk nie uit die hofverslag hoe lank die versuim in daardie geval was nie maar die verduideliking wat die advokaat van die applikant aan die hof gegee het vir die versuim was dat die geldigheid van die betrokke ordonnansie die aandag van 'n ander hof geniet het

en daar/

61. en daar vele weke gewag was vir die beslissing

voordat die hersieningsverrigtinge begin is. Die

hof het die verduideliking aanvaar en die preliminêre

punt van die hand gewys.

In die saak van Sampson v SA Railways and Harbours 1933 CPD 152 het 'n spoorwegamptenaar die verrigtinge voor 'n raad van ondersoek as gevolg waarvan hy uit sy pos ontslaan was op hersiening gebring. Die raad het sy beslissing in September 1928 gegee en die aansoek om hersiening is vier jaar later in Oktober 1932 gebring. Beswaar is gemaak omdat daar te lank gewag is om die hersieningsverrigtinge in te stel. Die beswaaris gehandhaaf en Gardiner RP het hom op bladsy 154 as volg uitgelaat:

"This/

62.

"This Court has certain powers of review in proceedings of inferior tribunals, and they may be reviewed on the grounds of irregularity, but the extent of the irregularity required I need not deal with. It is important, when the court is to be asked to exercise these powers, that a reasonable time should be allowed to elapse, because, especially in the case of tribunals which are not courts of law, or conducted by legal men, it is important that proceedings should be taken promptly. There is not always the same careful or full record in proceedings which are not courts of law, and where the ground of review is irregularity in the proceedings, then, even in the case of a court of law, there may not be anything on the record to show an irregularity. In fact an irregularity may sometimes consist in refusing to put something on the record, refusing to record an exception taken, or something like that. It is therefore important that proceedings for review should be taken while the matter is fresh in the minds of the persons concerned, and while those

persons are available to give testimony It seems to me that the Court cannot allow such an extremely lengthy period as four years to elapse, and must hold that an unreasonable time has been allowed to pass without proceedings being taken."

Op appèl, in die saak Sampson v S A Railways and

Harbours 1933 CPD 335, het die hof verwys na die aard

63.van die onreëlmatighede wat na bewering voor die raad van

ondersoek plaasgevind het en die moeilikhede wat ontstaan

om na 'n lang verloop van tyd weer daarmee te handel.

Van Zyl R het daarna op bladsy 338 as volg verklaar:

"Under these circumstances the Court will, by reason of the long lapse of time, be at a great disadvantage in going into the questions raised by the appellant, and it is right that it should refuse to do so, unless very exceptional circumstances are placed before it. It seems to me that it must be a matter of importance in the proper running of the railway service that there should be, except in exceptional circumstances, finality in matters of this nature after a lapse of a certain time."

In die saak van Stoner v S A Railways and

Harbours 1933 T P D 265 was 'n spoorwegamptenaar uit sy

diens ontslaan op grond van wangedrag na verrigtinge

voor die spoorwegappèlraad. Die verrigtinge was in Januarie 1932 en hersieningsverrigtinge was nie gebring

voor/

64.voor Februarie 1933 nie. Die verduideliking van die

versuim was dat die amptenaar eers vertoë tot die

Minister gerig het. en besluit het om die hersienings-

verrigtinge in te stel toe dit geblyk het dat sy

vertoe vrugtelos was. Hy het egter nie die nodige

fondse gehad nie en moes eers geld bymekaar maak om

die hersieningsverrigtinge te kon bring. Daar kon

nie aangetoon word dat die spoorwee deur die vertraging enigszins benadeel was nie en die hof het gevolglik beslis dat die vertraging nie onredelik was nie.

Dit blyk uit 'n reeks beslissings na die

voornoemde Hassan saak dat blote versuim nie afsonderlik en op sigself oorweeg was om vaste stel of dit redelik/

65. redelik of onredelik was nie. Dit was altyd oorweeg saam met al die ander feite wat deur die versuim geraak kon word, kyk byvoorbeeld *Rossouw v Norton* N 0 and Others 1950(2) SA 1(C) op bladsy 3, *Chesterfield House (Pty) Ltd v Administrator of the Transvaal and Others* 1951 (4) SA 421 (T) op bladsye 424 tot 425,

Sibert v City of Cape Town 1952 (2) SA 113 (C) op bladsy 119, *Shepherd v Mossel Bay Liquor Licensing Board* 1954 (3) SA 852(C) op bladsy 857, *Kingsborough Town Council v Thirlwell and Another* 1957 (4) SA 533

(N) op bladsye 535 tot 539, *Van Zyl and Another v Steenkamp and Others* 1964 (2) SA 79 (C) op bladsy 83, *Harnaker v Minister of the Interior* 1965(1) 372 (C) op bladsy 380.

Hierdie hof het die geleentheid gehad om vas te/

66.

vas te stel of daar binne 'n redelike tyd gehandel was in 'n ietwat besondere geval. In die saak *West Rand Estates, Ltd v New Zealand Insurance Co Ltd* 1926 A D 173 het hierdie hof 'n appèl gehandhaaf endie appellant, naamlik die eiser se vordering vir 'n geldbedrag toegelaat maar as gevolg van 'n fout niese bedevir rente a tempore morae toegestaan nie. Die appellant het toe na die hof teruggekom om die fout te laat regstel. Volgens die bronne waarna verwys is het die hof regsbevoegdheid om op die dag wanneer die uitspraak gelewer word sy bevel aan te vul deur enige iets by te voeg wat volg uit die uitspraak self soos byvoorbeeld in daardie geval die rente op die bedrag waarvoor uitspraak gegee was.

In sy/

67.

In sy uitspraak op bladsy 185 verklaar appèlregter

Solomon as volg:

"The only question is whether that right has been lost by reason of the fact that the order was not amended on the same day on which judgment was given, as required by the Roman-Dutch authorities. We are not, however, necessarily bound by the limit of time observed in the Court of Holland. The matter is not one of principle or of substantive law, but purely one of procedure, and

we are en-titled to regulate the procedure of our own Courts. In the cases to which I have already referred in which this Court has amended its orders, the applications to it were not made on the same day on which judgment was pronounced, but the court did not hesitate on that account to amend its orders. On principle there seems to be no good ground for limiting the right of the Court in this respect to the day on which the order was made. If it can be supplemented on that day, there is no reason why this

should/

68.

should not be done at any time after judgment has been given, provided that there has been no unreasonable delay in applying to the Court. There undoubtedly would be a failure of justice in this case if we were forced to hold that we were impotent to give relief, and it is satisfactory to find that we are not driven to that conclusion."

In sy uitspraak op bladsy 193 verwys appèlregter Kotzé daarna dat die Romeinse juriste'n termyn van een dag as genoegsaam gereken het vir 'n hof om op aansoek sy bevel aan te vul. Die geleerde regter stel sy standpunt as volg:

"But it does not follow that what was an expedient or reasonable time limit in Roman jurisprudence is equally suitable at the present day. Time and circumstances bring about change and development; and modern exigencies and conditions may well require the observance of a longer period of prescription.

The/

69.

The present case is an apt illustration of this. After the appeal had been heard, this Court took time to consider its judgment. When

judgment

was subsequently pronounced without any mention of the interest claimed having been made by the Court, the term was over, and counsel, who were members of the Transvaal bar and had argued the case, had returned to the Transvaal Province, whence the suit originated. Application, under these circumstances, could not possibly have been made on the same day to the Court to award the omitted interest to the successful appellant. It cannot with reason be said that he had lost his right, and it therefore follows that the only course to pursue is to adopt the one which justice demands, and to grant the application for the payment of the omitted interest claimed by the plaintiff "

Alhoewel die hof van oordeel was dat

die aansoek binne 'n redelike tyd gebring moes word,

het die/

70.het die hof nie in die betrokke saak probeer vasstel

wat die vroegste tyd was wat die appellant die aan-

soek kon gebring het nie.

Wanneer in gedagte gehou word dat 'n hof

'n onbelemmerde diskresie het en in elke geval van

versuim sy diskresie volgens die besondere feite vandaardie geval uitoefen, kan bogenoemde gewysdes slegsdiens as voorbeelde van die soort oorwegings wat deur die hof in aanmerking geneem was. Soos uit die voorbeelde blyk was die mate waarin die versuim die behoorlike hersiening van die betrokke verrigtingemag benadeel het 'n belangrike oorweging. Hier was in hoofsaak in aanmerking geneem die aard (i) van die verrigtinge, (ii) die aanval teen die verrigtinge, en

(iii) die betrokkenheid van die partye. 'n Verdere

belangrike/....

71.belangrike oorweging was die nadeel of waarskynlike

nadeel wat die versuim die teenparty kon veroorsaak

het. Dit blyk nie altyd duidelik uit die gewysdes

watter soort nadeel die hof in die betrokke ge-

wysdes in gedagte gehad het nie maar dit mag betrekking

gehad het op die vermoë van die teenparty om sy saak behoorlik voor die hof te lê en miskien ook op die

feit dat hy sy posisie in die tussentyd so verander het dat dit onbillik sou wees om hom in die posisie te plaas waarin hy sou wees as die hersiening sou slaag. Die wenslikheid van finaliteit en die spoedige afhandeling van geskille was ook 'n oorweging maar soosgeblyk het uit die West Rand Estates Ltd saak kan diereg van die veronregte van so 'n aard wees dat 'n onreg

sal/

72.sal geskied as hy sy reg ontsê word.

In die saak Wolgroeiers Afslaers (Edms) 8pk vMunisipaliteit van Kaapstad 1978(1) SA 13(A) het die vraag spesifiek opgeduik op appèl of 'n hof 'n aansoek om hersiening van 'n administratiewe daadkan afwys bloot op grond daarvan dat, na die hof se oordeel, die appellant onredelik versuim het voordat hy die hof genader het en dit wel sonder dat daarenige bewyse is dat die respondent of enige ander persoon deur die versuim wat daar was benadeel is, of waarskynlik benadeel sal word.

Rumpff HR het saamgestem met Miller AR

(met wie Hofmeyr AR saamgestem het) dat die appellanthom skuldig gemaak het aan buitensporige verdragings bygevoeg dat die laaste deel daarvan, naamlik

Maart 1973/

73.Maart 1973 tot November 1974 na sy mening alleen

toegeskryf kan word aan totale onverskilligheid.

Volgens die geleerde hoofregter kon dit nie van

h hof redelikerwys verwag word om beskikbaar te

wees wanneer op so 'n manier en so lank gesloer

word nie.

Miller AR het in sy uitspraak verwys na

sommige van die gewysdes waarna reeds in hierdieuitspraak verwys is, en tot die slotsom gekom datdeur die hof voorgeskryf is dat verrigtinge binne'n redelike tyd ingestel moet word en dat dit diehof vry staan om na gelang van omstandighede en byuitoefening van sy diskresie onredelike verdragingsoor die hof te sien in geskikte gevalle. Die ge-

leerde/

74.leerde regter was nie bereid om te aanvaar nie dat

by die daarstelling van die vereiste dat verrig-

tinge binne 'n redelike tyd ingestel moet word, daar

bedoel is om die hof se diskresie aan bande te lê

in die mate dat selfs waar 'n gedingvoerder die hof

se voorskrif verontagsaam deur onnodige en buiten-

sporige versuim om verrigtinge in te stel, die hof

nie by magte is om die aansoek te weier nie slegs

omdat dit nie bewys is of kan word dat respondent

nie wesenlik benadeel is nie, al sou daar, op 'noorsig van al die omstandighede, ander grondige redes

wees vir die uitoefening van sy diskresie teen die

aansoeker. Die geleerde regter het aanvaar dat

benadeling van die respondent en die graad daarvan

'n relevante/

75.'n relevante faktor is by die oorweging of onredelike

versuim oor die hoof gesien behoort te word, en dat

dit soms die deurslaggewende faktor kan wees, veral

in gevalle van betreklik geringe versuim. Die ge-

leerde regter het, met verwysing na die appèl wat toe

voor die hof gedien het, bevind dat hulle met 'n gevalte doen het nie slegs van onredelike maar wel van

buitensporige vertraging van so 'n aard dat, in die afwesigheid van 'n bevredigende verduideliking of ander buitengewone omstandighede, dit nie oor die hoof gesien behoort te word nie. Om anders te beslis sou na die geleerde regter se mening neerkom op ontsenuwing van 'n reël wat uit gesonde beginsel voortspuit.

Die geleerde regter het verder verwys na oorwegings wat noemenswaardig is en in aanmerking geneem/

76.geneem behoort te word by die uitoefening van die

hof se diskresie. Dit het ingesluit die feit dat

dit twyfelagtig is of die appellant sal skade ly en

ook die nadeel wat die respondent sal ly indien die

hersieningsverrigtinge sou slaag.

Muller AR (met wie Jansen AR saamgestem het)

het in sy minderheidsuitspraak aan die hand van sommige van die gewysdes waarna reeds in hierdie uitspraak verwys is, tot die gevolgtrekking gekom dat versuim in sigself aan die kant van die appellant, en sonder bewys van enige benadeling, nie genoegsame rede was waarom die hersieningsverrigtinge deur die hof a quo afgewys sou kon gewees het nie. Volgens die geleerde regter was versuim in sigself nie 'n genoegsame rede

77.vir afwysing van die appèl nie. As die versuim wat

daar was geen nadeel teweeggebring het nie, kon

daar, volgens die geleerde regter, geen grondige

rede wees waarom die hersieningsverrigtinge afgewys

behoort te gewees het nie. Die howe het telkemalevoorgeskryf dat by hersieningsverrigtinge daar nieonredelike versuim moet wees om die hof te nadernie, maar, soos blyk uit die beslissings wat die ge-

leerde regter aangehaal het, word daardie voorskrifnie vertolk om los te staan van die vraag of daarbenadeling was al dan nie.

Hierdie uitsprake moet gelees en gesien

word teen die agtergrond wat algemeen aanvaar enonderskryf word, naamlik dat die hof in hierdie

prosesregtelike/...

78.prosesregtelike aangeleentheid 'n onbelemmerde dis-

kresie het wat hy uitoefen met inagneming van al die

omstandighede vah 'n besondere geval om reg te laat

geskied. Die verloop van tyd na 'n gewraakte beslissing

gegee is kan benadeling veroorsaak in die verskeieopsigte waarna alreeds verwys is in die vorige gewysdesen in miskien nog vele ander opsigte.Waar die howe

in die verlede veel klem gelê het op besondere oor-wegings kan en behoort dit met eerbied teenoor die

laasgenoemde twee regters nie vertolk te word as voor-skrifte of vaste reëls nie. Dit is slegs belangrikeoorwegings wat in elke besondere saak teen anderoorwegings opgeweeg behoort te word en in'nbesondere saak deurslaggewendmag wees.Die howe konnie bedoel het om vaste reëls neer te lê en die uit-

oefening/

79.oefening van 'n diskresie in hierdie opsig te belemmer

nie. Dit sou ook nie 'n korrekte weergawe van vorige

gewysdes wees om "onredelike tyd" in hierdie verband

waar geen prosestydbeperking is nie as 'n feitlike

begrip wat bloot aan die hand van die verloop van tyd

beoordeel word te sien nie. Die begrippe redeliken onredelik is elk 'n relatiewe waardebegrip.

Tyd kanredelik of onredelik wees slegs met betrekking tot 'ndefinitiewe termynbepaling of ander feite. In dievorige gewysdes het die howe vasgestel of 'n onredeliketyd verstryk het na 'n

beslissing gevel is aan diehand van al die omstandighede van die geval wat inge-sluit het die duur van die versuim en die verduidelikingdaarvoor. Dit is onrealisties om in elke saak van

hierdie/

80.hierdie soort die dae te tel om vas te stel of 'n onredelike tyd verstryk het of om na ander gewysdes te verwys net om vas te stel watter tydperk in daardie sake as 'n onredelike tydperk bestempel was.

Trouens dit is juis die benadering dat 'n onredelike tyd 'n feitlike begrip is wat die soort probleem

skep waarmee Baker R te kampe gehad het toe hy ver-klaar het dat dit onmoontlik is om enige eenvoudigeof algemeen toepaslike maatstaf te vind; kyk Schoultzv Voorsitter Personeel-Advieskomitee van die MunisipaleRaad van George en 'n ander 1983(4) SA 689(C) op bladsy 700.

Om nou weer terug te keer na die feitevan die onderhawige saak sien ons dat die hof benedeas uitgangspunt eers gekyk het na die duur van die

tydsverloop/

81.tydsverloop vanaf die tydstip wat die appellant bewus geword het daarvan dat die openbare permit aan die tweede respondent toegestaan is totdat die hersieningsaansoek gebring was. Die hof was toe van mening dat daar prima facie n onredelike

lang tydsverloop was. Daarna is ondersoek ingestelof die onredelike vertraging oor die hoof gesienbehoort te word. Die hof het gekyk na die appellantse verduideliking en was nie heeltemal tevrede daarmee. Trouens die hof het gevoel dat daar geen ver-duideliking was vir die tydperk 7 Januarie tot 5 Maartnie; dit was die tydperk waarin die petisie vir dieaansoek om hersiening opgestel was; 'n te lang tydvir die opstel van 'n eenvoudige petisie. Die hof

82.het tot die gevolgtrekking gekom dat op hierdie .

aspek van die saak daar weinig te sê was vir die appellant. Die hof het daarna ondersoek ingestel

of daar enige benadeling vir die tweede respondentwas wat deur die versuim kon veroorsaak gewees het

en tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen nadeel was nie. Die hof was nie so seker of die appellantenigsins benadeel was deur die toestaan van die openbare permit aan die tweede respondent nie. Die hof het toe oorweeg of die versuim van die appellant om beswaar te maak by die kommissie teen die toestaan van die openbare permit redelik was en tot die gevolgtrekking gekom dat dit wel onredelik was en dit ondanks die feit dat die hof self verwys het na die onbevredigende

de wyse/

83.

de wyse waarop die aansoek van die tweede respondent

in die Staatskoerant gepubliseer was. Volgens die

hof moes Molingoane van die tweede respondent se

posadres kon afgelei het dat hy 'n fisiese teenwoor-

digheid in Qwaqwa het en moes hy kon voorsien het

dat die tweede respondent Swart mense vanaf Qwaqwa

sou vervoer. Die hof het bygevolg beslis dat die appellant se versuim nie oor die hoof gesien behoortte word nie en die aansoek om hersiening van die kommissie se beslissing afgewys.

Die advokate namens die kommissie en die tweede respondent het die beslissing van die hof benede gesteun op die voornoemde gronde. Namens die kommissie is verder aangevoer dat die beslissing van die kommissie die belange van die publiek vooropgestel het en dat

84. die tersydestelling daarvan die publiek sal benadeel.

Namens die tweede respondent is verder aange-

voer dat die appellant nie deur die beslissing van

die kommissie benadeel was nie en ook dat hy versuim

het om enige getuienis voor die hof te lê van wat

sy benadeling was.

Die advokaat van die appellant het betoog dat die hof benede verskeie mistastings begaan het met die redes wat hierbo aangevoer word. Hy moet gelyk gegee word dat die besonderhede van die tweedere respondent se aansoek om 'n permit wat in die Staatskoerant gepubliseer was so ontoereikend en onduidelik was dat Molingoane daardeur mislei was en veroorsaak het dat die appellant nie vertoë tot die kommissie

gerig/

85. gerig het om die aansoek te bestry nie. As gevolg

daarvan is die aansoek in die afwesigheid van die

appellant verhoor en toegestaan en volgens die

notule van die kommissie van die aanhoor van die aansoek het die kommissie bygevolg nie toegesiendat die bepalings van Art 15 van die Wet behoortlik nagekom word nie. Hy moet ook gelyk gegee word dat die hof benede misgetas het deur die waarskynlikheid in oorweging te neem dat die tweede respondent weersou aansoek doen om 'n openbare permit indien die beslissing van die kommissie ter syde gestel sou word dat dit nie uitgesluit is dat dit weer toegestaan sal word nie. Dit is redelik om te aanvaar dat indien dit sou gebeur die tweede respondent weer

86. sal moet aansoek doen om 'n permit, die kommissie

aandag sal gee aan die appellant se verdoë en ook

die bepalings van Art 15 van die Wet sal nakom.

Dit is basies die doel van die hersieningsverrigtinge

om die appellant die geleentheid te bied om verdoë

tot die kommissie te rig alvorens die tweede respondent se aansoek weer toegestaan word. Die welslae van die aansoek behoort redelikerwys af te hang van die aard van die besware van die appellant. Indien sy besware nie sou slaag nie mag dit selfs die gevolghê dat 'n gekwalifiseerde openbare permit aan die tweede respondent toegestaan word.

Daar is verdere belangrike oorwegings wat die hof benede uit die oog verloor het. Die beslissing

87. van die kommissie was weens die onreëlmatige optrede

van die kommissie in die afwesigheid van die appellant

gevel. Hy is daardeur ernstig benadeel omdat hy

nie verdoë tot die kommissie kon rig nie en die

beslissing die gevolg het dat 'n padvervoerdiens in-

gestel is wat sy bestaande padvervoerdiens kan benadeel

omdat beide afhanklik is van besigheid van dieselfde

aard uit een besondere gebied.

Die wetgewer het die verantwoordelikheid om padvervoer te reël in die hande van die kommissie geplaas om dit in die openbare belang te doen. Om te verseker dat dit gedoen word skryf die Wet voorwat alles nodig is vir die kommissie om te doen. Die kommissie het versuim om die wetsvoorskrifte

behoortlik/

88. behoortlik na te kom en met 'n ongeldige beslissing

'n openbare permit vir 'n onbepaalde tydperk tot stand laat kom. Afgesien van die nadeel wat die appellant as belanghebbende ly, het die wetgewer en die publiek daarby belang dat openbare permitte volgens die wetsvoorskrifte toegestaan word en dat ongeldige permitte nie toegelaat word om voort te

bestaan nie. Dit is moeilik om die argument namens die kommissie te begryp dat die kommissie in hierdie geval die belange van die publiek vooropgestel het endat die tersydestelling van die beslissing die publieksal benadeel.

Vanweë die nadeel wat die appellant gelyhet, het hy 'n reg om na die hof te kom vir behoorlike beregting/

89.beregting van sy klagte.

Die hof benede het alreeds bevind dat die aard van die appellant se klagte van so 'n aard is dat die versuim in hierdie geval niemand kan benadeel met die voorbereiding en voorlê van sy kant van die saak by die hersieningsverrigtinge nie.

Die bogenoemde belangrike oorwegings aan-gaande die ongeldigheid van die openbare permit, dienadeel wat die appellant mag ly, die genoemde belang van die publiek en die reg wat die appellant het om nader hof te kom om sy saak te laat bereg, moet opgeweeg word teen ander tersaaklike oorwegings soos die wens-

likheid om finaliteit te hê by die beslissings van statutêre liggame, die versuim van die appellant om

eerder/

90.eerder stappe te gedoen het en sy verduideliking

vir sy versuim. Die advokaat van die appellant moet

gelyk gegee word dat die versuim in die huidige saak,

indien enige, gering was. Die prokureur het van die

begin af redelik stiptelik opgetree en was in 'n groot mate gedwarsboom deur die onwilligheid van die kommissie om hom die stukke te laat kry wat nodig was vir die besluit om hersieningsverrigtinge te begin. Vir 'n onbegryplike rede het die kommissie die houding ingeneem dat hy toegang tot die stukke sal hê wanneer hy ingevolge hofreël 53 die hersieningsverrigtinge ingestel het. Die geringe tydperk waarin die petisie opgestel is, was deur die hof benede as onverduidelik veroordeel maar was eintlik niksbeduidend

wanneer/

91.wanneer dit opgeweeg word teen die ander belangrike

oorwegings soos byvoorbeeld die belang wat die publiek

daarby het dat ongeldige openbare permitte nie toege-

laat behoort te word om gebruik te word vir openbare

padvervoer nie.Onder al die omstandighede het ek tot diegevolgtrekking gekom dat die hof benede homself wan-ingelig het en sy diskresie nie behoorlik uitgeoefenhet nie deur te bevind dat daar onredelike versuimwas en die hersieningsaansoek van die appellant opdaardie grond af te wys met koste.Die hof benede het in sy uitspraak verwysna die getuienis wat betrekking het op die meriete vandie hersieningsaansoek maar dit nie nodig geag om 'n

beslissing/

92.beslissing daaroor te vel nie en die aansoek van die

hand gewys bloot net op grond van onredelike versuim.

Hierdie hof het nou die geleentheid gehad om die meriete

van die aansoek ook te ondersoek en tot die gevolg-

trekking gekom dat die kommissie nie die betrokke wetsvoorskrifte behoorlik nagekom het nie en dat sy

beslissing bygevolg ongeldig is. Dit sal dus geendoel dien om die saak terug te verwys na die hof benedeom die meriete van die aansoek te oorweeg nie.

Bygevolg slaag die appél met koste. Die bevel van die hof benede word tersyde gestel en dit word deur die volgende bevel vervang:

(a) Die beslissing van die eerste respondent geneem op 13 Julie 1981, word tersyde gestel;

(b) Die/

93.

(b) Die eerste en tweede respondent moet die koste van die aansoek gesamentlik en afsonderlik betaal.

APPeLREGTER

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1985/121.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/setsokotsane-busdiens-edms-bpk-v-voorsitter-unknown-topic-asca-1985>

Prepared on 13 October 2026 · Esheria